# Lesing 25.06.2018 - DEEL 36 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

Die boekrol van Rut

1:1 EN in die dae toe die Rigters geregeer het, was daar hongersnood in die Aarde; daarom het 'n man uit Betlehem-JeHûWdah weggetrek om as vreemdeling te vertoef in die veld van Moab, hy en sy vrou en sy twee seuns.

1:2 En die naam van die man was EliMeleg, (God-koning) en die naam van sy vrou Naómi (lieflike), en die naam van sy twee seuns Maglon (siek) en Giljon (perfek/voltooid), Efratiete, uit Betlehem-JeHûWdah, en hulle het gekom in die veld van Moab en daar gebly.

1:3 En EliMeleg, die man van Naómi, het gesterwe, maar sy met haar twee seuns het oorgebly.

1:4 En hulle het vir hulle vroue uit Moab geneem; die naam van die een was **Orpa** en die naam van die ander **Rut (vriend)**; en hulle het daar omtrent tien jaar gebly.

1:5 En toe Maglon en Giljon altwee sterwe, en die vrou sonder haar twee seuns en haar man oorbly,

1:6 het sy haar gereed gemaak met haar skoondogters en teruggegaan uit die veld van Moab, want sy het in die veld van Moab gehoor **dat JaHWeH op Sy volk ag gegee het deur aan hulle brood te gee**.

1:7 **So het sy dan haar woonplek verlaat en haar twee skoondogters saam met haar**. Maar toe hulle op pad was om na die Aarde van JeHûWdah terug te gaan,

1:8 sê Naómi aan haar twee skoondogters: Gaan heen, draai om, elkeen na die **huis van haar moeder**; mag JaHWeH aan julle Medelye betoon soos julle aan die dode en aan my bewys het.

1:9 Mag JaHWeH gee dat julle 'n **rusplek** vind, elkeen in die huis van haar man; en sy het hulle gesoen. Maar hulle het hul stem verhef en geween

1:10 en aan haar gesê: Nee, ons wil saam met u teruggaan na u volk.

1:11 Maar Naómi sê: Draai om, my dogters! Waarom sou julle met my saamgaan? Het ek nog seuns in my liggaam, dat hulle julle mans kan word?

1:12 Draai om, my dogters, gaan heen; want ek is te oud om 'n man te hê. Al sou ek sê: Ek het hoop! en nog vannag aan 'n man mag behoort en ook seuns baar -

1:13 sou julle in dié geval kan wag totdat hulle groot geword het? Sou julle in dié geval julleself opsluit om nie aan 'n man te behoort nie? Ag nee, my dogters, want dit is vir my baie bitterder as vir julle dat die Hand van JaHWeH teen my uitgestrek is.

1:14 Toe verhef hulle hul stem en ween weer; en Orpa het haar skoonmoeder gesoen, **maar Rut het haar aangehang.**

1:15 Daarop sê sy: Kyk, jou skoonsuster het omgedraai na **haar volk en na haar gode** toe; draai om agter jou skoonsuster aan!

1:16 Maar Rut sê: Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; **want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u Elohey is my Elohey.**

1:17 Waar u sterwe, sal ek sterwe en daar begrawe word! Mag JaHWeH so aan my doen en so daaraan toedoen - net die dood sal skeiding maak tussen my en u.

1:18 Toe sy sien dat sy vas besluit het om met haar saam te gaan, het sy opgehou om met haar te spreek.

